Geborg deur en vertaal in opdrag van: Die Vereniging van Regslui vir Afrikaans:
www.vra.co.za

WET OP DIE GEBRUIK VAN AMPTELIKE TALE

NO.12 VAN 2012

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken)
(Bekragtig op 1 Oktober 2012)

WET

Om voorsiening te maak vir die regulering en monitering van die gebruik van amptelike tale deur die nasionale regering vir regeringsdoeleindes; om die aanneming van 'n taalbeleid deur 'n nasionale department, nasionale openbare instelling en nasionale openbare onderneming te vereis; om voorsiening te maak vir die instelling en werksaamhede van 'n Nasionale Taal Eenheid; om voorsiening te maak vir die instelling en werksaamhede van taal eenhede deur 'n nasionale department, nasionale openbare instelling en nasionale openbare onderneming; om voorsiening te maak vir monitering van en rapportering oor gebruik van amptelike tale deur die nasionale regering; om inter-regeringskoördinering van taaleenhede te vergemaklik; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

AANHEF

NADEMAAL die gebruik van die Republiek se amptelike tale ooreenkomstig die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 bevorder en nagestreef moet word;

EN NADEMAAL artikel 6 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 voorsiening maak vir 11 amptelike tale van Suid-Afrika; die inkorting van die gebruik en status van inheemse tale erken en vereis dat die Staat praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status van inheemse tale te verhoog en hul gebruik te bevorder;

EN NADEMAAL die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 vereis dat alle amptelike tale gelykheid van aansien geniet en billik behandel word;

EN NADEMAAL artikel 6(4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 bepaal dat die nasionale regering deur wetgewende en ander maatreëls sy gebruik van amptelike tale moet reël en monitor,

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:-

INDELING VAN ARTIKELS

Artikels

1. Woordomskrywing
2. Oogmerke van Wet
3. Toepassing van Wet
4. Taalbeleid
5. Instelling van Nasionale Taal Eenheid
6. Werksaamhede van Nasionale Taal Eenheid
7. Instelling van taal eenhede in nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare ondernemings
8. Werksaamhede van taal eenhede in nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare ondernemings
9. Monitering van en rapportering oor gebruik van amptelike tale
10. Jaarverslag aan Nasionale Vergadering
11. Inter-regeringsforums oor gebruik van amptelike tale
12. Vrystelling van toepassing van artikel 7
13. Regulasies
14. Kort titel en inwerkingtreding

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –
"amptelike taal" 'n amptelike taal bedoel in artikel 6(1) van die Grondwet;
"Departement" die nasionale Departement van Kuns en Kultuur;
"Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
"hierdie Wet" ook enige regulasies gemaak ingevolge hierdie Wet;
"Minister" die Minister verantwoordelik vir taal aangeleenthede;
"nasionale departement" 'n departement gelys in Bylae 1 tot die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), maar met uitsluiting van die Kantore van die Premiers;
"nasionale openbare instellings" 'n nasionale instelling soos omskryf in artikel 1 en gelys in Bylaes 2 en 3 tot die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);
"nasionale openbare onderneming" 'n nasionale regering besigheidsonderneming soos omskryf in artikel 1 en gelys in Bylae 3 Deel B tot die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);
"nasionale regering" nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare onernemings;
"Nasionale Taal Eenheid" die Nasionale Taal Eenheid ingestel ingevolge artikel 5;
"Pan- Suid-Afrikaanse Taalraad" die Raad ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995 (Wet No. 59 van 1995);
"taal eenheid" 'n taal eenheid ingestel ingevolge artikel 7; en
"voorgeskryf" voorgeskryf by regulasie.

Oogmerke van Wet

2. Die oogmerke van hierdie Wet is-
(a) om die gebruik van amptelike tale deur die nasionale regering vir regeringsdoeleindes te reguleer en te monitor;
(b) om gelykheid van aansien en billike behandeling van die amptelike tale van die Republiek te bevorder;
(c) om billike toegang tot dienste en inligting van die nasionale regering te vergemaklik;
(d) om goeie taal bestuur deur die nasionale regering vir doeltreffende

staatsdiens administrasie te bevorder en om aan die behoeftes van die publiek te voldoen.

Toepassing van Wet

3. (1) Hierdie Wet is van toepassing op-
(a) nasionale departemente;
(b) nasionale openbare instellings; en
(c) nasionale openbare ondernemings.

(2) Hierdie Wet geniet voorkeur bo enige teenstrydige bepaling van enige ander wetgewing op die gebruik van amptelike tale deur die nasionale regering.

Taalbeleid

4. (1) Elke nasionale departement, nasionale openbare instelling en nasionale openbare onderneming moet 'n taalbeleid betreffende sy gebruik van amptelike tale vir regeringsdoeleindes aanneem binne 18 maande vanaf die invoering van hierdie Wet of sodanige verdere tydperk as wat die Minister mag voorskryf, op voorwaarde dat sodanige voorgeskrewe tydperk nie ses maande mag te bowe gaan nie.

(2) 'n Taalbeleid ingevolge subartikel (1) aangeneem moet-
(a) voldoen aan die bepalings van artikel 6(3)(a) van die Grondwet;
(b) ten minste drie amptelike tale identifiseer wat die nasionale departement, nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming sal gebruik vir regeringsdoeleindes;
(c) bepaal hoe amptelike tale gebruik sal word om, onder andere, doeltreffend met die publiek te kommunikeer, in amptelike kennisgewings,in regeringspublikasies en inter-en intra-regeringskommunikasies;
(d) aandui hoe die nasionale departement, nasionale openbare instelling of nasionaleopenbare onderneming doeltreffend met lede van die publiek sal kommunikeer wie se taal van keuse-
(i) nie 'n amptelike taal bedoel in paragraaf (b)is nie; of
(ii) Suid-Afrikaanse gebaretaal is;
(e) aandui hoe lede van die publiek toegang tot die taalbeleid kan hê;
(f) 'n klagte meganisme daarstel ten einde lede van die publiek in staat te stel om klagtes in te dien aangaande die gebruik van amptelike tale deur 'n nasionale departement, nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming;
(g) vir enige ander aangeleentheid wat die Minister mag voorskryf voorsiening maak;
(h) so gou as wat redelikerwys doenlik is, maar binne 90 dae na aanname daarvan, in die *Staatskoerant* gepubliseer word.

(3) By identifisering van ten minste drie amptelike tale soos in subartikel (2)(b) bedoel moet elke nasionale departement, nasionale openbare instelling en nasionale openbare onderneming sy verpligting om praktiese en daadwerklike maatreëls te tref om die status van inheemse tale van histories ingekorte gebruik en status te verhoog en hul gebruik te bevorder ooreenkomstig artikel 6(2) van die Grondwet, in aanmerking neem.

(4) Elke nasionale departement, nasionale openbare instelling en nasionale openbare onderneming moet-
(a) verseker dat 'n afskrif van sy taalbeleid op aanvraag beskikbaar is vir lede van die publiek by al sy kantore; en
(b) by al sy kantore 'n opsomming van sy taalbeleid ten toon stel op so 'n wyse en plek dat dit deur die publiek gelees kan word.

Instelling van Nasionale Taal Eenheid

5. Die Minister moet-

(a) 'n Nasionale Taal Eenheid in die Departement instel; en

(b) verseker dat die Nasionale Taal Eenheid voorsien word van menslike hulpbronne, administratiewe hulpbronne en ander hulpbronne wat nodig is vir sy doeltreffende funksionering.

Werksaamhede van Nasionale Taal Eenheid

6. (1) Die Nasionale Taal Eenheid moet-

(a) die Minister adviseer oor beleid en strategie-

(i) om die gebruik van amptelike tale deur die nasionale regering vir reringsdoeleindes te reguleer en te monitor;

(ii) om gelykheid van aansien en billike behandeling van die amptelike tale van die Republiek te bevorder en billike toegang tot die dienste en inligting van nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare ondernemings te vergemaklik;

(iii) om goeie taal bestuur binne nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare ondernemings te bevorder; en

(iv) oor die werksaamhede van taal eenhede in artikel 8 bedoel;

(b) skakel met en die algemene koördinering van taal eenhede bevorder soos in artikel 7 bedoel;

(c) die werksaamhede van die Departement in artikel 8 voor voorsiening gemaak verrig; en

(d) enige ander werksaamheid wat die Minister mag voorskryf verrig.

Instelling van taal eenhede in nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare ondernemings

7. Elke nasionale departement, nasionale openbare instelling en nasionale openbare onderneming moet-

(a) 'n taal eenheid instel; en

(b) verseker dat die taal eenheid voorsien word van menslike hulpbronne, administratiewe hulpbronne en ander hulpbronne wat nodig is vir sy doeltreffende funksionering.

Werksaamhede van taal eenhede in nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare ondernemings

8. Elke taal eenheid moet-

(a) die verantwoordelike rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag adviseer oor die ontwikkeling, aanneming en implementering van die taalbeleid vir die betrokke nasionale departement, nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming;

(b) die gebruik van amptelike tale deur die betrokke nasionale departement, nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming monitor en waardeer;
(c) voldoening aan die taalbeleid van die betrokke nasionale departement, nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming monitor en waardeer;
(d) 'n verslag saamstel en voorlê aan die Minister en aan die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad ingevolge artikel 9;
(e) gelykheid van aansien en billike behandeling van die amptelike tale van die Republiek bevorder en billike toegang tot die dienste en inligting van die betrokke nasionale departement, nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming vergemaklik;
(f) goeie taal bestuur deur die betrokke nasionale departement, nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming bevorder; en
(g) enige ander werksaamhede wat die Minister mag voorskryf verrig.

Monitering van en rapportering oor gebruik van amptelike tale

9. (1) Die Minister is verantwoordelik vir monitoring van die gebruik van amptelike tale deur die nasionale regering vir regeringsdoeleindes.

(2) Elke nasionale departement, nasionale openbare instelling en nasionale openbare onderneming moet jaarliks 'n verslag aan die Minister en aan die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad voorlê oor-

(a) die aktiwiteite van sy taal eenheid;
(b) die implementering van sy taalbeleid;
(c) enige klagtes wat ontvang is aangaande sy gebruik van amptelike tale en die wyse waarop met hierdie klagtes gehandel is; en
(d) enige ander aangeleentheid wat die Minister mag voorskryf.

(3) Die Minister kan die vorm en inhoud van die verslae wat voorgelê moet word en die tydsduur waarbinne sodanige verslae voorgelê moet word voorskryf.

(4) Ondanks die bepalings van subartikels (2) en (3), kan die Minister te enige tyd van enige nasionale departement, nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming vereis om, binne die tydperk deur die Minister vasgestel, 'n verslag aan die Minister voor te lê oor sy gebruik van amptelike tale.

(5) Die Minister kan 'n nasionale departement, nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming wat versuim het om aan enige bepaling van hierdie Wet te voldoen gelas om, binne die tydperk deur die Minister vasgestel, te voldoen aan die Wet.

Jaarverslag aan Nasionale Vergadering

10. Die Minister moet, op 'n jaarlikse basis, 'n verslag in die Nasionale Vergadering ter tafel lê oor die status en gebruik van amptelike tale deur die nasionale regering vir regeringsdoeleindes en oor enige vrystelling aan 'n nasionale openbare instelling en 'n nasionale openbare onderneming ingevolge artikel 12 toegestaan.

Inter-regeringsforums oor gebruik van amptelike tale

11. Die Minister kan-

(a) een of meer inter-regeringsforums instel om-

(i) algemene koördinering, samewerking en konsultering tussen nasionale departemente, nasionale openbare instellings en nasionale openbare

ondernemings oor die gebruik van amptelike tale vir regeringsdoeleindes te bevorder;

(ii) die implementering van taalbeleide te koördineer, in lyn te bring en te monitor;

(iii) enige ander werksaamheid wat die Minister mag voorskryf te verrig;

(b) ten opsigte van sodanige forums-

(i) hul samestelling bepaal;

(ii) hul verwysingsraamwerk bepaal;

(iii) hul vergaderings belê;

(iv) enige ander aangeleentheid wat vir hul doeltreffende funksionering nodig is bepaal.

Vrystelling van toepassing van artikel 7

12. (1) Die Minister kan, by aansoek deur 'n nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming gelys in Bylae 3 Dele A of B tot die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), sodanige nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming geheel of gedeeltelik vrystel van die toepassing van artikel 7.

(2) Die Minister kan, uit eie beweging en op sodanige bepalings en voorwaardes as wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* mag vasstel, 'n nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming gelys in Bylae 3 Dele A of B tot die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), vrystel van die toepassing van artikel 7.

(3) Die aansoek vir vrystelling moet in die vorm en op die wyse deur die Minister voorgeskryf wees.

(4) Indien die Minister 'n nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming vrystel van die toepassing van artikel 7 moet die nasionale openbare instelling of nasionale openbare onderneming 'n senior werknemer aanwys om die werksaamhede van 'n taal eenheid te verrig.

Regulasies

13. (1) Die Minister kan, na konsultasie met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, regulasies uitvaardig wat nie met die bepalings van hierdie Wet onbestaanbaar is nie, betreffende-

(a) die vorm en inhoud van 'n taalbeleid;

(b) die tydsduur vir die instelling van 'n taal eenheid;

(c) die vorm en inhoud van 'n verslag in artikel 9 bedoel;

(d) die wyse, vorm en tydsduur vir voorlegging van 'n aansoek vir vrystelling ingevolge artikel 12;

(e) enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet vereis of toegelaat word om voorgeskryf te word;

(f) enige aangeleentheid wat die Minister nodig of raadsaam ag om oor regulasies te maak ten einde die oogmerke van hiedie Wet te bereik.

(2) Voordat die Minister regulasies ingevolge hierdie Wet uitvaardig, moet die Minister-

(a) die voorgestelde regulasies in die *Staatskoerant* vir openbare kommentaar publiseer;

(b) 'n tydperk van ten minste 30 dae toestaan vir geskrewe vertoë aan die Minister oor die voorgestelde regulasies; en

(c) enige sodanige skriftelike vertoë ontvang oorweeg.

Kort titel en inwerkingtreding

14. Hierdie Wet word die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2012, genoem en tree in werking op ‘n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel.